

Sing vooraf: Psalm 118:13 (p 579)

- 13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 2:6 (p. 7)

- 7 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydskap wat Hom huldig as die HEER,
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want lig'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Geloofsbelydenis Nicea

Na die wet sing ons voor God van ons versoening in die Here Jesus Christus met Skrifberyming 5-3:1 (8:1)

Wet

Skrifberyming 5-3:1 (8:1)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang
en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskryf van Gods
verborgenhede.
U 's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is

Gebed

- *Doksologie*
- *Aanbidding*
- *Skuldbelydenis*

Vergifnis

- *Dank*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*

Amen.

Psalm 16:5 (p. 62)

- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreugde en volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Skriflesing: Miga 6

Teks: Miga 6:6

Waarmee sal ek die HERE tegemoetgaan en my buig voor die hoë God? Sal ek Hom tegemoetgaan met brandoffers, met jaaroud kalwers? (Miga 6:6 AFR1953)

Die kern van ware aanbidding bestaan nie net in die uitoefening van allerlei uiterlike gebruike nie. Dit bestaan daarin dat:

- die aanbidder die geregtigheid van God ken,

- sy liefde beoefen, en
- om in ootmoed met God te lewe.

Die Here tree as Aanklaer op teen die gelowiges.

- Die berge word digterlik voorgestel as die onveranderlikes en die fundamente van die aarde.
- Omdat die berge van die begin af daar was, roep Hy hulle in as regters in hierdie saak.

Wanneer die hofsaak begin, is daar iets baie opvallends.

- In die Here se klag teen die volk hoor ons geen aggressie nie.
- Baie teer noem die Here hulle "My volk".
 - Daarmee is dit duidelik dat die Here met hierdie hofsaak bedoel om sy volk nader na Hom toe te trek.
 - Hy wil versoen. Hy wil hulle sover kry dat hulle Hom weer behoorlik aanbid.

Die klag van die Here begin met 'n vraag: My volk, wat se kwaad het Ek julle aangedoen?

- Die kwaad wat die Here hulle aangedoen het, moes hulle blykbaar baie moeg en uitgeput gemaak het.
- Die Here vra dat hulle Hom moet antwoord.
- Hulle moet sê of die dinge wat Hy met hulle gedoen het die aanleiding was dat hulle so moeg geword het dat hulle Hom nie meer kan aanbid nie.

Liefdevol gaan die Here met hulle deur hulle geskiedenis.

- Elke gebeurtenis wat die Here oproep, moet hulle laat onthou dat die Here net weldade aan hulle bewys het.
- Hy het vir hulle net liefde en beskerming gegee. Is dit dinge wat 'n mens se geloof kan lam en moeg maak?

Hy laat hulle terugdink aan Egipteland.

- Daar was hulle besig om uit te sterf as volk, want al die seuns is vir die krokodille gegooi en die vrouens sou mettertyd onder die Egiptenare ondertrou het.
- Dit sou die einde van die Israeliete beteken het.

Uit hierdie toestand het die Here hulle gaan haal. Die Here sê Hy het hulle uit die slawehuis losgekoop.

- Hy verwys na die vernederde en ongerekende toestand waarin hulle was.
- Hy het hulle daaruit losgekoop. Dit beteken dat die een of ander losprys betaal is vir hulle vrywording en opheffing.

Uit die doopformulier se verklaring van die deurtog deur die Rooi See weet ons dat hierdie dinge alles gebeur het in die versoening deur die Here Jesus Christus, want die deurtog deur die Rooi See was 'n voorafskaduwing van die doop – dus van die werk van die Here Jesus Christus.

Die Here laat hulle onthou dat hulle ongeskool was in Egipteland. Hulle het nie leiers gehad nie.

- Hulle het nie mense gehad wat vir hulle kon dink in hulle eie sake nie, want die Egiptenare het vir hulle gedink.
- Onder hulle eie mense was daar nie iemand wat so baie mense kon organiseer en laat beweeg en wat vir hulle kon regsprek en wat hulle kon lei in hulle godsdiens nie.

Toe voorsien die Here vir hulle sulke mense – twee broers en hulle suster: Moses, Aäron en Mirjam. Die Here onthou dat Hy hierdie drie voor die volk uitgestuur het.

- Al was daar in daardie tydperk nie 'n wesentliche verskil tussen aardse wette en die Here se wette nie, was Moses tog meer die leier en die hanteerder van reg en geregtigheid.
- Aäron het 'n baie pertinente plek ingeneem, want hy was die Here se eerste amptelike hoëpriester.
- Mirjam het hulle gelei in hulle gemeentesang. Sy was 'n diep gelowige mens wat onder ander die lied wat Moses geskryf het vir die volk geleer en hulle dit laat sing het net nadat hulle deur die Rooi See getrek het. Die volk was ook baie lief vir haar.

Die reis was nie net voorspoedig nie.

- Hulle het geleer oorlog maak, en mettertyd was hulle die mees gevreesde volk wat daar was.
- Maar daar was een mag wat hulle nie met hulle wapens kon aanval nie – die satan. Teen hom was hulle verweer maar uiters gering.
- Die Here herinner hulle aan een keer wat die duiwel Balak wou gebruik om hulle te vervloek.

Dit is belangrik om daarop te let dat die Here nie sê dat die duiwel se vervloeking niks werd is nie.

Die werking van die duiwel is daar en dit het 'n slegte invloed op diegene oor wie die vloek uitgespreek is, daarom het die Here ingegryp.

Almal ken die geskiedenis van Numeri 22-24 waar die Here Bileam verbied het om na Balak toe te gaan, en toe Bileam tog weggeloop het, hoe die Here hom verplig het om die volk Israel elke keer in Balak se teenwoordigheid te seën.

Die Here het hulle al vroeër aan hierdie gebeurtenis herinner.

- Ons lees in Deuteronomium 23 dat daar sekere volke is wat deur die Here verbied word om aan eredienste deel te neem.
- Dan verwys die Here na hierdie gebeurtenis toe Balak Israel met Bileam se hulp wou vervloek en hoe Hy ingegryp het:

Maar die HERE jou God wou nie na Bileam luister nie; maar die HERE jou God het vir jou die vloek in 'n seën verander, omdat die HERE jou God jou liefgehad het. (Deuteronomium 23:5 AFR1953)

Hierdie laaste woorde is waaroor alles gaan: **omdat die HERE jou God jou liefgehad het.**

Dit is waaroor die hofsaak ook gaan: die Here het dié wat aan Hom behoort lief.

- Daarom herinner Hy hulle altyddeur aan sy liefde vir hulle.
- Die bedoeling van die hofsaak wat Hy met sy volk aan die gang het, is nie om 'n uitspraak van straf en oordeel te kry nie.
- Dit is om die liefdesband tussen Hom en sy volk weer herstel te kry.

Die Here neem hulle nog 'n keer deur hulle geskiedenis: Onthou hulle wat gebeur het van Sittim af tot by Gilgal?

- Die Balak-Bileam-saak het gebeur toe hulle in Sittim was.
- By Gilgal was die deurtog deur die Jordaanrivier, met ander woorde die intog in die beloofde land in.

Gilgal roep die Here se wonderlike genade baie skerp terug, want daarmee sluit die Here die vervulling van sy belofte presies so af soos wat Hy dit begin het.

- Hulle is op droë grond deur die Rooi See toe hulle uit Egipte weg is, en nou gaan hulle op droë grond deur die Jordaanrivier in die beloofde land in.
- God huiwer nie om wonders te doen om sy beloftes teenoor dié wat Hy liefhet, na te kom nie.

Aan die ander kant roep dit ook hulle sondes, en die Here se begenadiging daarvoor, in herinnering.

- Na veertig jaar se intieme teenwoordigheid van die Here by hulle, was daar nie een enkele man wat besny was nie.
- Hulle het dus die fisiese erkenning van die verbond nagelaat – en dit in die voltydse teenwoordigheid van die Verbondsgod self.
- Die Here kon hulle almal net daar vernietig het, maar Hy het nie – Hy het hulle beveel dat almal besny moes word en daarna kon hulle deurtrek.

Al hierdie dinge moes hulle laat onthou dat die Here 'n God van liefde is.

- Sy liefde maak dit moontlik dat Hy ernstige sondes vergewe en dit voelbaar maak in mense se lewens.
- Al wat Hy verwag is dat ons daaraan erkenning moet gee.
- Ons dankbaarheid teenoor Hom en ons liefde vir Hom moet in ons aanbidding weerspieël word.

Na die Here se liefdevolle aanklag teen sy volk kom daar by hulle besinning.

- Dit is ook reg, want elke mens moet selfondersoek doen as dinge in jou lewe begin skeefloop.
- Die selfondersoek moet op sy beurt weer uitloop in bekering en verandering van dit wat verkeerd is.
- Jy moet net die dinge wat nie goed is nie, verander sodat jy lewe op so 'n manier dat dit die guns van die Here het.

Dit is die betekenis van die vraag:

Waarmee sal ek die Here tegemoetaan en my buig voor die hoë God?

Wat moet ek doen om die aanklag van die Here teen my opgehef te kry? Hierdie selfondersoek verloop in verskillende fases:

- Eerste is daar die erkenning van wie die Here is. Daar lê 'n belydenis in die woorde “hoë God”.
 - God is nie onmagtig en verwerpbaar nie.
 - Hy word nie aan menslike willekeur onderwerp nie.
 - Hy is so hoog dat Hy nie ons gelyke is nie – ons is net nie op dieselfde vlak as Hy nie. Hy is die ewige Skepper wat alles en almal met sy almag onderhou.
- Dan begin die sondaar kyk na sy uiterlike optrede.
 - Dit is die verkeerde plek waar jy begin as jy jou verhouding met die Here wil bepaal.
 - Jy moet by jou hart en jou diepste ingesteldheid begin.

Kan ek die Here ontmoet met my offers? In ons taal: kerkbesoek en kerklike bydraes.

- Die manier waarop die vraag gestel word, laat ons dadelik besef dat dit 'n baie swak aanbidding is, want ons besoek nie altyd eredienste omdat ons God liefhet nie.

- Ons kerklike bydraes (offers) is ook nie altyd bedoel om 'n weerspieëling te wees van hoe diep dankbaar ons vir die Here is omdat Hy ons liefhet en dikwels vloek wat oor ons hang in seën verander nie.
- *Hierdie opsie is dus nodeloos omdat die beplande versoening met God nie in ons hart begin nie.*

Die tweede poging tot selfondersoek lei die ondersoeker om te wonder of hy nie net sy bydraes moet verhoog nie.

- Dalk sal die Here bly wees as hy baie geld vir die kerk gee – duisende ramme en tienduisende strome van olie.
- Miskien beïndruk getalle die Here.
- *Ook hierdie opsie is futiel, want die Here laat Hom nie omkoop nie.*

Weereens is die beginpunt verkeerd, want hierdie hofsaak van die Here het juis daarvoor gegaan dat die innerlike geestelike verhouding met Hom versteur is. Om aan die buitekant te wil karring kan nie veel bydra tot versoening nie.

Die derde aanslag op selfondersoek is die raakste van almal.

Sal ek my eersgeborene gee vir my oortreding, die vrug van my liggaam vir die sonde van my siel? (Miga 6:7 AFR1953)

Dit is die kern van die saak.

- Ons aanslag op dinge wat vir die duiwel aangenaam is, is so sterk dat ons nie altyd tussen afgodsaanbidding en ware Godsaanbidding kan onderskei nie.
- Die offer waarna verwys word, wat hierdie mense wou bring om die Here se oordeel te verander, is 'n kinderoffer – Mologdiens.

Die Mologdiens is die voorloper van moderne Satanisme. In die tyd wat die profeet Miga hierdie dinge geskryf het, het koning Agas sy seun geoffer.

Die Here openbaar die nodeloosheid waarin gelowiges verval wanneer hulle verhouding met die Here vervaag.

- Hulle kom selfs met heidense offers – wat vir die Here afskuwelik is – na die troon van die Here toe om daarmee sy goedgesindheid te verwerf.
- Dit wys dat gelowiges 'n punt kan bereik waar hulle die Here glad nie meer ken en verstaan nie, terwyl hulle dink dat hulle Hom werklik en goed aanbid.

Wat ons regtig moet doen, is kyk na die Here se genade en ken en aanbid Hom daaruit.

- In Miga 6:5 openbaar die Here baie duidelik waarom Hy wil hê ons moet dink aan alles waarmee Hy ons deur die jare geseën het.
- Dit is “sodat jy kennis kan dra van die regverdige daed van die HERE.” (Miga 6:5 AFR1953). Ons moet kennis dra van die Here se werk sodat ons Hom kan ken.

Na die besinning van die sondaar gee die Here die regte uitspraak:

Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die HERE van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God? (Miga 6:8 AFR1953)

In sy regspraak beroep die Here Hom op kennis wat ons van Hom moet hê: Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is!

- Hy aanvaar geen verskonings nie.
- Ons moet weet, want ons lewe elke dag terwyl sy raad in ons lewe vervul word.
- Ons sien dus die Here se genade en ons ervaar dit aan ons liggame en in ons lewens.

Daarom eis die Here van ons drie dinge:

- Hy vra van ons dat ons reg sal laat geskied,
- dat ons liefde en trou sal bewys, en
- dat ons ootmoedig (bedagsaam) sal lewe voor God (Miga 6:8).

Dit gaan daaroor dat die offer van jou eie hart die saak is wat vir die Here tel.

- Dit gaan daaroor of ons die openbaring van die Here kon sien en verstaan.
- Dit gaan daaroor of daar uit die openbaring van die Here 'n persoonlike en lewende verhouding tussen ons en Hom tot stand kon kom.

Die Here noem ons **My volk**.

- Is Hy **my/ons God**?
- Leef sy liefde in ons?

Ons moet Hom so liefhê dat ons nie altyd met die afskeepgedeelte van ons lewens by Hom opdaag nie.

- Ons liefde vir Hom moet so groot wees dat ons daarna streef om, so goed ons kan, elke gebod na te kom.
- Hierdie liefde moet ook sigbaar wees in die manier waarop ons met ander mense omgaan.
- Ons eerlikheid teenoor die Here en ons medemens moet altyd bo verdenking wees.

Ons moenie in verwaandheid verval nie. Die Bybel het baie voorbeelde van wat verwaandheid aan 'n mens doen.

- 'n Verwaande mens word dadelik in sy eie oë god.
- Hy maak sy eie wette en voorskrifte en verhef hom bo die wil van God.
- Uiteindelik raak sy godsdiens uitgeput en dan word hy en sy nasate kerkloos en geloofloos.

Kom ons gaan terug na die begin van die preek toe. Die Here het 'n klag gelê.

- Uit sowel die klag as die uitspraak daarna is dit duidelik dat daar 'n swaar straf sal moet wees waaraan voldoen sal moet word om die Here se reg te kalmeer.
- Dit is net so duidelik dat daar iets bomensliks sal moet gebeur om ons te kan rehabiliteer sodat ons weer die Here se reg sal kan verstaan en laat geskied.

Iemand sal ons weer moet teruglei en leer wat die liefde en trou van die Here is sodat ons dit ook aan Hom en ons naaste sal bewys.

- Ons sal tot bekering gebring moet word sodat ons weer ootmoedig (bedagsaam) sal lewe voor God (Miga 6:8).

Die Here het hierdie dinge klaar bewerk deur presies dit te doen wat ons nie kan doen nie.

- Hy het 'n Goddelike en menslike offer gebring – ons Here Jesus Christus.

- Die Here Jesus Christus – God se Seun – moes sterf sodat al hierdie foute vergewe kon word, maar ook sodat ons verander kon word om terug te kom by die bedoeling van ons skepping, naamlik om God die Here behoorlik en reg te dien.

Waarmee sal ek die Here tegemoetgaan en my buig voor die hoë God?

- Met waaragtige geloof en 'n opregte liefde vir die Here.
- Ek gaan met 'n soeke na sy wil en reg.
- Ek buig voor die Here en bely Hom as die hoë God – die hoogste Drie-enige God wat in sy almag my God en Vader en Verlosser is.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 46:1 (p. 236)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,
 al dreig die vyand met die dood, / al storm sy leërbendes aan.
 Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;
 laat berge uit hul stee / wegwankel in die see – / ons sal nie beef of rugwaarts gaan.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
 Gereformeerde Kerk Bellville
 Datum: 31 Januarie 2010